



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
INSTITUSIONELE KANTOOR

## Reëls vir die toekenning van die S2A3-medalje

<b>Verwysingsnommer</b>	9P/9.4.8_S2A3
<b>Verantwoordelike uitvoerende bestuurder</b>	Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
<b>Beleideienaar</b>	Direkteur: Navorsingsondersteuning
<b>Verantwoordelike afdeling</b>	Navorsingsondersteuning
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	20 Junie 2014
<b>Wysigings</b>	
<b>Datum van wysigings</b>	
<b>Hersieningsdatum</b>	2016
<b>Prosedures ingevolge hierdie beleid</b>	
<b>Webadres van hierdie beleid</b>	<a href="http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels">http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels</a>
<b>Adres op die beleid-databasis</b>	RMA SHARE Policies/9P-9.4.8_S2A3



## Reëls vir die toekenning van die S2A3-bronsmedalje

### 1 Doel

Die S2A3-bronsmedalje word jaarliks toegeken aan die beste meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit in die volgende vakgebiede:

#### Potchefstroomkampus

- Natuurwetenskappe
- Ingenieurswese
- Gesondheidswetenskappe (menswetenskappe)

#### Vaaldriehoekkampus

- Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie (SLEGS BSc)

#### Mafikengkampus

- Landbou, Wetenskap en Tegnologie

### 2 Wie in aanmerking kom

Kandidate wat die finale kopie vir eksaminering gedurende die vorige jaar ingedien het, kan benoem word, d.w.s. kandidate wie se grade by die vorige jaar se lentegradeplegtigheid of die huidige jaar se herfsgradeplegtigheid toegeken is.

### 3 Keuringsprosedure

- 3.1 Die betrokke dekaan (in oorleg met die fakulteit se bestuurskomitee) word versoek om 'n kandidaat te benoem wat die meestersgraad (wat 'n verhandeling of skripsie moet insluit) met onderskeiding voltooi het in die tydperk soos hierbo aangedui. Die benoemde kandidaat mag nie die maksimum tydperk oorskry wat toegelaat word vir die voltooiing van 'n meestersgraad nie.
- 3.2 Benoemings moet van die volgende dokumente vergesel word:
  - Die voltooide benoemingsvorm;
  - Eksaminatorsverslae;
  - Afskrifte van navorsingsuitsette;
  - Ander ondersteunende dokumente.

Die dokumentasie moet in elektroniese formaat per e-pos ingedien word na [lucas.venter@nwu.ac.za](mailto:lucas.venter@nwu.ac.za)

- 3.3 Beoordelaarspaneel: Die AVK: Navorsing, Innovasie en Tegnologie sal 'n beoordelaarspaneel saamroep om die benoemings wat van die fakulteite af ontvang is te evalueer en aanbevelings daarvoor te maak. Die paneel kan 'n algehele wenner kies wat die medalje sal ontvang, sowel as kampuswenners wat elk 'n sertifikaat sal ontvang. Die paneel moet ten minste die DVK: NIT, die Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning, die drie Kampusviserektors en die betrokke Dekane insluit. Die paneel bespreek slegs die inligting soos verskaf in die ingediende benoemingsvorms. Indien nodig kan die betrokke studieleier versoek word om verdere motivering te verskaf.

### 4 Riglyne vir evaluering

- 4.1 Alle aspekte van die meestersgraadstudie (teorie en praktiese eksamens sowel as die verhandeling en/of skripsie) moet oorweeg word.
- 4.2 Indien die M-graad direk op 'n B-graad gevolg het, word die gedeelte wat met normale honneursstudie ooreenstem nie in berekening gebring nie.
- 4.3 Die evalueringskriteria kan die volgende insluit:

- Artikels voortspruitend uit die studie, voordragte voortspruitend uit die studie wat by konferensies gelewer is sowel as 'n algemene evaluering van die bydrae van die studie tot die bepaalde vakgebied.

## **5 Oorhandigingseremonie**

Die borg verskaf die medalje ná ontvangs van die *Curriculum Vitae* van die suksesvolle aansoeker. Dit word oorhandig by die jaarlikse navorsingsfunksie, met erkenning aan die *Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap*. Die kampuswenners se sertifikate word ook by dié geleentheid oorhandig.

## **6 Afwyking van die Reëls**

Afwyking van die reëls kan in sekere gevalle toegelaat word met die toestemming van die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde.

Oorspronklike gegewens: Lucas Venter (10060332) P:\Beleide\9P\9.4.8\_S2A3.docm  
20 Junie 2014

Lêerverwysing: 9P-9.4.8\_S2A3